

GESKIEDENIS EN KULTUURGESKIEDENIS*

F A van Jaarsveld
Universiteit van Pretoria

Oor die begrippe “geskiedenis” en “kultuurgeskiedenis” heers daar vandag groot verwarring. In *The Study of History* skryf H S Commager in 1965: “Dit is nie maklik om kultuurgeskiedenis te definieer nie. Dit is die geskiedenis van die gees en aard van ’n volk, van die hoofidees wat ’n samelewing of tydperk skyn te domineer en van die instelling waarmee ons die gedrag en geloof van die mens assosieer. Moontlik stel geen ander vorm van geskiedenis swaarder eise aan die geleerde nie ... van die kultuurhistorikus word verwag om die idees en belange van ’n hele geslag te ken, te verstaan en te verklaar, somtyds in verskillende samelewings, en om hulle uitdrukkinge in die totale weefsel van die geskiedenis na te gaan”¹.

Waaroor Commager dit het, is eerder “geestesgeskiedenis”, kyk ons byvoorbeeld na H-J Schoeps: *Was ist und was will die Geistesgeschichte? — über Theorie und Praxis der Zeitgeistforschung*, wat verklaar dat die tema van die geestesgeskiedenis “die tydsges en sy veranderinge” is². In sy twee bande *Geschichte des abendländischen Geistes* verstaan Karl Muhs³ onder die Westerse “gees” lewens- en wêreldbeskouing, egter met inbegrip van ekonomies-historiese kennis, terwyl Friedrich Heer met sy *Europäische Geistesgeschichte* op ’n “spirituele” inhoud van die verlede dui⁴, wat die verwarring vergroot. Friedrich Meinecke het met sy ideëgeskiedenis of intellektueel-historiese werk ook die “geestesgeskiedenis” as studiegebied, om byvoorbeeld te dink aan *Die Idee der Staatsräson* van 1924. Dit handel oor ’n intellektuele probleem voortkomend uit ’n akuele politieke of kulturele situasie, waarna hy probeer om die ontstaan en groei daarvan, aan die hand van die beste outeurs van die verlede — politici, filosofe, literate, politieke teoretici en historici — te volg⁵.

Kyk ’n mens na Egon Friedell se *Kulturgeschichte der Neuzeit*⁶, verstaan hy onder “kultuurgeskiedenis” die Europese “siel”, d.i. die wording van die moderne mens se lewens- en wêreldbeeld. Friedell definieer nie wat hy onder “kultuurgeskiedenis” verstaan nie, maar sien dit as ’n “hiërargie” van kultuurgebiede, waarvan die basis deur die ekonomiese lewe gevorm word; hierop verhef die samelewing hom, waarna die staat volg, en vervolgens die sedes. Dié het met die kerk en die reg te doen (deur die politieke historici uitgesluit). Onder die begrip “sedes” rangskik Friedell o.a. kos, kleding, dans, begrafnis, flirtasies, gerief, geselligheid, tuinkuns, ens., en sê dat die mens hom in o.a. hierdie dinge openbaar volgens sy ware wese, wense, neiginge, sterkte en swakhede, vooroordeel en kennis, gesondheid en siekte. Die handelende mens leef hom volgens Friedell binne hierdie hiërargie uit, daarna volg die denkende

*Geskryf op versoek van die SAAWK se Kommissie vir Geskiedenis, 1982, om duidelikheid oor die grens tussen geskiedenis en kultuurgeskiedenis te kry.

1. H S Commager: *The Study of History*, Columbus, Ohio, 1965, p 20.

2. H-J Schoeps, Göttingen, 1959, p 9.

Karl Muhs, Berlyn, 1950.

Stuttgart, 1953, p 6.

A H Huussen e.a. (reds.): *Historici van de twintigste Eeuw*, Amsterdam, 1981, p 16.

München, 1954², drie bande.

mens in die ontdekking en uitvinding, en wetenskap en tegniek, waarop die gestalte-gewende mens in die kuns, filosofie en godsdiens volg. Vir Friedell is die geskiedwetenskap dus 'n wetenskap van die "gesamentlike" menslike kultuur en sy "ontwikkeling" — dit is tegelyk teologie, psigologie, politiek en esteties — 'n soort "Stein der Weisen, ein Pantheon aller Wissenschaften"⁷. Sy indeling volg kultuurtydperke onder die bekende benamings soos "Renaissance", "Verligting en Rewolusie" en "Romantiek en Liberalisme".

Keer ons terug na die 19de eeu, word dit duidelik dat onder "geskiedenis" politieke, militêre, diplomatieke en groot persoonlikhede verstaan is wat om "die staat" sentreer, waaruit sosiale, ekonomiese en kulturele verskynsels — deur die Verligting tot die geskiedenis gereken — verdring is, m.a.w. geskiedenis het sy studiegebied vereng en die politiek tot die status van "algemene" geskiedenis verhef. Die rede is dat daar aan die einde van die 18de eeu 'n breuk tussen *staat* en *samelewing* ingetree het: terwyl die geskiedenis hom tot die staat beperk het, het die sosiologie hom op die samelewing gerig, wat as gevolg van die intrede van die Industriële Rewolusie sosiale en massaverskynsels tevoorskyn gebring het. Dié gebied is vir studie aan die "samelewingswetenskap", sosiaal-ekonomiese en "kultuur"-geskiedenis" oorgelaat, wat as irrelevant vir die staat en politieke geskiedenis beskou is — die "eintlike objek" van die geskiedenis.

Tussen die jare 1871 — 1890 het die "kultuur"-geskiedenis opgekom wat onderdak aan die "sosiale" geskiedenis gegee het. Dit het hom met temas van nie-politieke aard soos families, stande en klasse bemoei, terwyl die kultuurgeskiedenis hom op geestes- en literêre geskiedenis toegelê het, insluitende die geskiedenis van sedes, gewoontes, genotmiddels, vermaak, gebruiksvoorwerpe, behuising, maatskaplike groepe en die alledaagse lewe. Vanweë dié soort temas is dit van "die geskiedenis" uitgesluit. 'n Bittere stryd het ontstaan toe dit gelyk het of die populariteit van die politieklose geskiedenis "die algemene (politieke) geskiedenis", wat die tematiek betref, gaan verdring. Dit het in 1888 begin, toe Dietrich Schäfer (1845 — 1929) die "eintlike arbeidsgebied" van geskiedenis as die staat en politiek omskryf het, waarvan "beuseligthede" soos die geskiedenis van die Middeleeuse huis uitgesluit word, waarop Eberhard Gothein (1853 — 1923) in 1889 die bestaansreg van kultuurgeskiedenis verdedig het deur te verklaar dat die staat slegs één faset van die samelewing verteenwoordig, en objekte soos godsdiens en kultuur tog ook beslissend vir die geskiedenis van die mensheid was. Niemand het as die wenner uit die polemie tevoorskyn gekom nie, maar wedersyds is erken dat, hoewel die staat en politiek belangrik is, daar ook ander lewensgebiede in die historiese wêreld bestaan, wat verdien om geken en dus bestudeer te word⁸.

Die "vak geskiedenis" is in die loop van die 19de eeu deur spesialisasie gedifferensieer in "historiese wetenskappe"⁹ wat gesamentlik die werklikheidsgebied van "die wêreld-as-geskiedenis" bestudeer het. Onder "geskiedenis" is dus nie net politieke, konstitusionele, krygs- of staatsgeskiedenis verstaan nie, maar ook kultuurgeskiedenis, sosiale en ekonomiese geskiedenis, literêre geskiedenis, kerkgeskiedenis, ens. Hierby kom dat die "kultuur"-geskiedenis, (soos die politieke geskiedenis wat alleen as "algemene geskiedenis" wou geld), onder die invloed van die 19de eeuse Positivisme ook

7. A w, pp 19 - 25.

8. H R von Srbik: *Geist und Geschichte vom deutschen Humanismus bis zur Gegenwart II*, Münch 1951, pp 17, 173 - 175.

9. Otto Brunner: *Das Fach "Geschichte" und die historischen Wissenschaften*, Hamburg, 1959.

“imperialisties” geword het deur vir “dié geskiedenis” te wou deurgaan, veral op metodiese gebied. Deur Karl Lamprecht (1856 - 1915), en later Kurt Breysig (1867 - 1940), is kultuurgeskiedenis as die “wetmatige” verloop van tipiese siels- en geesteshouinge opgevat, wat volgens die natuurwetenskaplike of nomologiese metode daargestel moet word, en om dié rede “wetenskapliker” sou wees as die “gewone” geskiedenis, wat op die hermeneutiese verstaansmetode berus. Teen die einde van die 19de eeu het dit op ’n felle metodologiese stryd uitgeloop¹⁰. Die “algemene” politieke geskiedenis het sy metodestryd teen die “kultuurhistoriese” aanslag van Lamprecht gewen. ’n Breuk het egter tussen geskiedenis en sosiologie gevolg, wat tot ná die Tweede Wêreldoorlog geduur het. Lamprecht is in Duitsland verwerp, maar hy het invloed in Brittanje (op Toynbee), Amerika (op Robinson) en in Frankryk (op Bloch, Febvre en Braudel) uitgeoefen. Sy poging om kultuurgeskiedenis in ’n natuurwetenskap van die menslike gedrag te verander, het nie in Duitsland geslaag nie.

Na die metodologiese stryd het die kultuurgeskiedenis onder sy eie vlag verder gegaar, en o a het beroemdgeworde kultuurhistorici soos Jacob Burckhardt (1818 - 1897) en Johan Huizinga (1872 - 1945) dit op ’n hoë, internasionaal erkende vlak geplaas. Jacob Burckhardt sê dat kultuurgeskiedenis ingryp in die kerkgeskiedenis, regs- en literatuurgeskiedenis, verkeersgeskiedenis, sedegeskiedenis, ens, en dat die kultuurhistoriese oog “anders” lees as die historiese. Die mens bly altyd in die sentrum “soos hy is en immer was en sal wees” – na hóm word gekyk met die herhalende, konstante en tipiese in gedagte¹¹. Johan Huizinga sien in die onderwerpe van die kultuurgeskiedenis die veelvuldige vorme en funksies van die “beskawing” soos dit afgelees kan word uit die geskiedenis van volke of sosiale groepe, wat verdig tot kultuurfigure, motiewe, simbole, denkbeelde, ideale, style en sentimente. Literatuurgeskiedenis, kuns- en geestesgeskiedenis wat digterlike temas, style en denkbeelde bestudeer – ook dié behoort tot een of ander van die gespesialiseerde kultuurwetenskappe. In die “beskawingsgeskiedenis”, d.i. kultuurgeskiedenis, gaan dit nie om dit wat die mens in homself byeenhou nie, maar om dít wat mense onderling verbind, nl. lewensvorme, kuns, gedagtes, en die “struktuur” van die samelewing. Só beskou neem die staatkundige en die ekonomiese geskiedenis vanself hulle “natuurlike plek” as besondere takke van die beskawingsgeskiedenis in¹². Huizinga sien kultuurgeskiedenis dus in die rigting van die diepere en algemene, en as geheel deur die historiese lewenskeppings en denkvorme bepaal. Ander het dit bloot as sedegeskiedenis verstaan wat maklik in toestandskildering uitmond, of by sommiges as ’n geskiedenis van wapentuig, braaipanne, erotiek, of selfs die genot van tabak en koffie (in moderne sin gesien die Amerikaanse “beskawings”-aanslag – ook Coca-Cola!).

In sy “Schets ener Cultuurgeschiedenis van de negentiende Eeuw”, sê Jan Romein: Die kultuurgeskiedenis het alles tot objek wat in die verlede was, ewewel nie om homselfswil nie, maar om te speur na die verband wat tussen alle lewensgebiede in ’n bepaalde tyd bestaan het, waarby ons dus uitgaan van die hipotese wat ons eie kultuurbesef ons aan die hand doen, nl dát daar tussen die politiek, die ekonomie, die sosiale en die denk- en gevoelslewe van ’n tyd, ’n derglike verband inderdaad bestaan¹³, wat ons terugbring na ons uitgangspunt nl die beskouing van Henry Steele Commager.

10. Herbert Schnädelbach: *Geschichtsphilosophie nach Hegel, die Probleme des Historismus*, München, 1974, pp 137 - 143.

11. Fritz Wagner: *Geschichtswissenschaft*, München, 1951, pp 283, 290.

12. J H Huizinga: *Verzamelde Werken VII*, Haarlem, 1953, pp 33 en 83.

13. *Tussen Vrees en Vrijheid*, Amsterdam, 1950, p 119.

Oor die term “kultuurgeskiedenis” bestaan daar soos gesê, groot verwarring en onsekerheid. Waar lê sy grense ten opsigte van “die geskiedenis”, of ook: “die historiese wetenskappe”? Tweedens moet bedink word dat die term van Duitse oorsprong is – *Kulturgeschichte*. Wat daarmee bedoel word, word in Frankryk by “civilisation” genoem, in Engels “history of civilization” (vgl by H T Buckle (1821 – 1862) se *History of Civilization in England*¹⁴) – ’n kultuurgeskiedenis minus die politiek, terwyl G M Trevelyan (1876–1962) onder sy *English Social History* (1948) in werklikheid kultuurgeskiedenis verstaan, d.i. ’n geskiedenis van die “daily life of the inhabitants of the land in past ages” en ’n geskiedenis wat van “politieke” inhoud onthef is. Dit bevat volgens Trevelyan sowel die menslike as ekonomiese verbande tussen verskillende klasse tot mekaar, die aard van die familie- en huislike lewe, die arbeids- en ontspanningstoestande, die houding van die mens tot die natuur, die kultuur van elke tydperk soos dit uit daardie algemene lewenstoestande voortgekom en altyd wisselende vorme in die godsdiens, literatuur, musiek, argitektuur, geleerdheid en denke aangeneem het. In die VSA het H E Barnes die taak van die “nuwe” geskiedenis gesien as “to reconstruct the history of civilization in its totality”. Die taak van geskiedenis is dus eersstens om die totaliteit van die beskawings van die leidende gebiede in die verlede her saam te stel en tweedens om die wording van die huidige kultuur en instellinge na te gaan¹⁵, wat met behulp van al die sosiale wetenskappe moet geskied. Ook dit dui op Commager se probleem, nl hoe om kultuurgeskiedenis te definieer.

Die probleem van die grense tussen “geskiedenis” en “kultuurgeskiedenis” is in die loop van die 20ste eeu, maar veral ná die Tweede Wêreldoorlog, bemoelik en verder gekompliseer met die veranderde paradigma van die geskiedwetenskap. J H Plumb het geskryf dat die professionele geskiedenis van die 20ste eeu so ver verwyder is van dié van hulle vaders en voorvaders, soos die moderne fisika van Archimedes¹⁶, waarmee hy bedoel het dat geskiedenis vandag op ’n pluriforme grondslag staan en vele aangesigte het, wat hom byna onherkenbaar maak in vergelyking met die tradisionele kyk daarop as “algemene” geskiedenis van die staat, politiek, staatsinstellinge, oorlog, diplomatie en groot staatsmanne. Wat as “geskiedenis” in Frankryk, Duitsland en ander Europese lande deurgegaan het, is verby. Politieke geskiedenis het die wyk geneem en sosiale geskiedenis en ander aspekte van die samelewing wat die politiek en die menslike lewe as substraat onderlê, is op die voorgrond gedring – temas wat vroeër as van geen “historiese” belang nie, van die wetenskaplike geskiedskrywing uitgesluit was.

Met hulle degradasie van “politieke” geskiedenis as “gebeurtenis-geskiedenis” wat snel en onbelangrik aan die oppervlak verloop, het die Franse Annaleshistorici¹⁷ hulle op die diepte-geskiedenis “onder” die oppervlak van die samelewing toegespits wat eersgenoemde vanuit ’n dieper niveau met sosiale (sikliese) en geografiese (strukturele) tyd bepaal. Beginnende met die ekonomiese geskiedenis het die *Annales*-groep tot die sosiale geskiedenis en daarna tot ’n antropologiese geskiedenis oorgegaan wat

The World's Classics 2 vols, Londen, 1925⁷.

H E Barnes: *A History of historical Writing*, New York, 1963², pp 373, 380 en 361.

16. J H Plumb: *The Death of the Past*, Londen, 1969, p 108.

17. Kyk by. A Burguière: “La naissance des Annales” en J Revel: “Histoire et sciences sociales – les paradigmes des Annales” (*Annales: Économies, Sociétés, Civilisations*, 34/6, Nov – Des 1979), pp 1344 – 1376; J Revel: “The Annales: “Continuities and Discontinuities” en André Burguière: “The new Annales: A Redefinition of the Late 1960’s” (*Review, A Journal of the Fernand Braudel Center for the Study of Economies, Historical Systems, and Civilizations* 1/3 – 4, 1978), pp 9 – 18 en 195 – 205.

alles-insluitend is, d.i. 'n "totale" of "integrale" geskiedenis van die mens wat "holisties" te noem is. Teenoor "politieke" geskiedenis staan nou "strukturele" geskiedenis wat die veld en metode van "die geskiedenis" oneindig verruim het. Lucien Febvre, Fernand Braudel en Le Roy Ladurie het geskiedwerke gelewer wat die 20ste eeuse wetenskaplike geskiedenis vanuit Parys lei en oorheers, en dit lê ver weg van die model van "politieke" gebeurtenis-geskiedenis soos deur Ranke aan die 19de eeu voorgehou.

Dié verandering was die gevolg van die Industriële Rewolusie wat ánder eise aan die historikus gestel het as in die tyd van Ranke. In die voor-industriële tydperk van 'n ou Europa, het dit, soos gesien, die staat en politiek tot kern gehad. Die veld wat vroeër deur die historikus aan die sosiale wetenskaplikes vir bestudering oorgelaat is, nl die samelewing, is betree en met ywer kwantitatief en statisties benader¹⁸. Die grense tussen die "historiese wetenskappe", d i spesialiseringsterreine, is afgebreek, asmede die grense tussen geskiedenis en sy buurwetenskappe soos sosiologie, politologie, ekonomie en antropologie – en "die mens" in die sentrum gestel, wat vanuit alle moontlike hoeke en met behulp van alle moontlike metodes, ontleen aan die sosiale wetenskappe, bestudeer is. Nie sonder rede nie, heet die beroemdste historiese tydskrif van die 20ste eeu, *Annales: Économies-Sociétés-Civilisations*, wat op 'n integrasie van ekonomies-sosiale en beskawings-, d.i. "kultuurgeskiedenis" dui¹⁹.

Waar pas "geskiedenis" en "kultuurgeskiedenis" in "die nuwe soort geskiedenis" in? Beteken die nuwe ontwikkeling in die wetenskap van die geskiedenis dat álle geskiedenis tot "kultuurgeskiedenis", oftewel "beskawingsgeskiedenis", geword het, of het alle kultuur- en beskawingsgeskiedenis tot die veld van "die geskiedenis" toegetree? "Politieke" geskiedenis wat vir "algemene geskiedenis" deurgegaan het, is opsygestoot, d.i. sy posisie binne die "historiese wetenskappe" is teruggedring en het teen wil en dank verklein en aan oorheersende belangrikheid afgeneem – ten gunste van ander, vroeër verwaarloosde gebiede, wat nie tot "die geskiedenis" gereken was nie. Die Franse en Duitsers verstaan vandag onder "algemene" ás politieke geskiedenis iets anders, nl. 'n "totale" of integrale geskiedenis wat nie die staat of politiek tot kern het nie, maar die "samelewing". Dit het 'n veranderde houding en verhouding tot die sosiale wetenskappe meegebring wat vroeër as kompeteerders en vyande van die historiese bedryf gesien is. Hulle is tegelyk uitgedaag om 'n historiese dimensie in hulle wetenskapsbeoefening te bring, wil hulle die mens raakvat, verstaan en verklaar.

As gevolg van die nuwe ontwikkelinge het die skrywe oor groot historiese persoonlikhede verval, en het die biografie in diskrediet geraak. Dit geld ook die geestes- of ideëgeskiedenis soos beoefen deur Friedrich Meinecke omdat dit die skeppende individu op die voorgrond stel, terwyl die nuwe soort geskiedenis op die volk, die massas en die gewone, deursneemens gerig is en kollektiewe mentaliteite, d.i. groeps-, lewens- en wêreldbeskouing of geestesklimaat bestudeer. 'n Impuls daartoe was bv. Johan Huizinga se *Herfstij der Middeleeuwen* wat invloed op Lucien Febvre se geskiedskrywing uitgeoefen het náás Karl Lamprecht se *Deutsche Geschichte*. Die nuwe soort

18. *Review* 1/3 - 4, 1978, pp 19 - 48: "Social History: Perspective of the Annales Paradigm" van Traian Stoianovich; Marc Ferro (red): *Social Historians in contemporary France, Essays from Annales*, New York, 1972, 327 pp.

19. Kyk Emmanuel Le Roy Ladurie: *The Territory of the Historian*, Sussex 1979 en *The Mind and Method of the Historian*, Sussex, 1981; Fernand Braudel: *Écrits sur l'Histoire*, Parys, 1969 en Jean Glienisson: "Die französische Historiographie der Gegenwart" (H-G Haupt (red.): *Wirtschaft und Gesellschaft in Frankreich seit 1789*, Gütersloh 1975), pp 40 - 62.

geskiedenis het ook daartoe meegewerk dat die óu begrip “kultuurgeskiedenis” in diskrediet geraak het. As die nuwe geskiedskrywing waarin die politiek in onguns geraak en op die agtergrond gedring is kultuurhistoriese elemente bevat, wat dit tot “algemene” beskawingsgeskiedenis maak, waarom is dan nog ’n aparte “kultuurgeskiedenis” nodig? Die deelgebiede van “geskiedenis” is mos immers by die nuwe soort omvattende geskiedenis geïntegreer. Dit verklaar Commager e.a. historici se probleem hoe om kultuurgeskiedenis te definieer.

In die lig van voorgaande is dit moeilik om tot ’n grensafbakening tussen “geskiedenis” en “kultuurgeskiedenis” oor te gaan. Soms lyk dit of kultuurgeskiedenis ’n verwaterde soort geskiedenis is en of geskiedenis tot ’n soort kultuur- of beskawingsgeskiedenis geword het. Die een kan nie sonder die ander klaarkom nie: hulle is bedgenote. Sonder die “gewone” geskiedenis kan die kultuurgeskiedenis nie ’n indeling of “tydperke” vind om die ontwikkeling van bv. genotmiddels, vermaak, spel, sport, kleding, voeding, gebruike en gewoontes te orden nie, en sonder kultuurgeskiedenis kan die gees van ’n tydperk nie begryp word nie. Die mens is nie bloot ’n *zoön politicon* nie, maar ook ’n *homo sociales*. Hy is en bly altyd ’n onderdeel van die samelewing.

Dit lyk of die afbakening van grense soos vroeër, minder sinvol geword het, en of aspekte wat vroeër onder kultuurgeskiedenis gereken is, tans ook by “geskiedenis” onderdak gebring moet word. Prof B J Liebenberg het daarop gewys dat alle geskiedenis trouens kultuurgeskiedenis is, en al lê die aksent minder op die politieke gebeurtenisse, uitgeslote is dit nie. Hy sien die kultuurgeskiedenis as “sinoniem” met geskiedenis, maar sê dat binne die geskiedenis of kultuurgeskiedenis die ander takdissiplines soos kunsgeskiedenis, godsdiensgeskiedenis, regsgeskiedenis en literatuurgeskiedenis te onderskei is²⁰.

My standpunt soos bepaal deur die nuwe soort geskiedskrywing wat veral ná die Tweede Wêreldoorlog opgekom het, is dat aan die kultuurgeskiedenis ’n engere funksie toegesê behoort te word, nl dat dit nie as ’n soort “verwaterde” geskiedenis moet eksisteer nie, maar slegs as ’n deelgebied van die vak geskiedenis. Dit moet hom besig hou met o.a. die geskiedenis van sedes, gewoontes, volksgeloof en bygeloof, gebruike, vermaak, kleredrag, modes, voorwerpe van die materiële kultuur en kuns en literatuur. Geskiedenis van instellinge, van watter aard ookal, mentaliteite, antropologiese verskynsels, houdings, gees, idees en die wetenskap, van watter aard ookal — dit alles behoort tot die gebied van “die geskiedenis” wat daarna strewe om “die mens” in sy totaliteit te wil verstaan en verklaar. Daar moet nie vergeet word nie dat kunsgeskiedenis en literatuurgeskiedenis ook aparte deelgebiede van die vak geskiedenis uitmaak, maar dat groeperinge daarvan, indien nodig, tot “kultuurgeskiedenis” gereken kan word.

Geestesgeskiedenis wat ook ’n deelgebied van die vak geskiedenis is, behoort nie noodwendig tot die veld van die “kultuurgeskiedenis” nie, en behoort eerder tot “geskiedenis” in die moderne sin gereken te word. Ook “geskiedenis” bestaan uit ’n versameling takdissiplines wat telkens, afhangende van die hoek van waarneming of ’n betrektingsveld, anders gegroeper of geïntegreer kan word. Om onder “geskiedenis” in teëstelling tot “kultuurgeskiedenis” nog steeds staatkundige of politieke geskiedenis *in ouderwetse sin te verstaan*, is nie in ooreenstemming met die nuwe ontwikkelinge wat in die kern van die vak plaasgevind het nie, en om alles wat nie “politiek” van aard is na die opgaardam van die “kultuurgeskiedenis” te kanaliseer, is oudmodies en behoort tot ’n verbygeleefde fase.

Word die “kultuurgeskiedenis” van ’n volk bestudeer en aangebied, ontstaan die probleem dat dit ’n allegaartjie van talle deelgebiede van die vak geskiedenis kan word, wat sy status onder verdenking bring. Harde dinkwerk sal nodig wees om die kultuurgeskiedenis van “’n volk” te omlyn en sinvol daar te stel. Dit is ’n weg vol dorings en dubbeltjies. Dit vereis sintese, maar van wat? Afgesien van bestaande gefragmenteerde kollektiewe werke, bestaan daar groot behoefte aan ’n sintetiese “kultuurgeskiedenis” soos byvoorbeeld van die Jode, die Zoeloes, die Engelstalige blankes van Suid-Afrika en die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Sulke pogings was, wat ander volke betref, in Amerika, Nederland of Duitsland selde geslaagd, wat die probleem met “kultuurgeskiedenis” verder aksentueer. Sonder die skeppende vermoë van ’n kunssinnige en ensiklopediese gees is so ’n geskiedenis haas ondenkbaar. Dit is bewys deur die kultuurhistoriese bydraes van Burckhardt en Huizinga, wat ook fragmentaries te werk gegaan het.